KWAGGA OPVOEDKUNDIGE SENTRUM

Voorligting en Sielkundige Dienste

Tel: 044 87 44 2991 Epos: sielkundige@outeniqua.co.za

PSIGOMETRIESE ASSESSERING

Julie 2020

Liewe graad 9-ouers en -leerders

Die volgende riglyne is **baie belangrik** vir die psigometriese assessering. Hierdie riglyne is ingestel om leerders tydens hierdie proses te beveilig. Maak dus seker dat u ten volle bewus is van die onderstaande riglyne en beleid rakende hierdie assessering.

1. PLEK EN DATUM VAN ASSESSERING:

- CRC-kerksaal - langs Lynn Schroeder BMW
- Datums: Dinsdag, 21 Julie **(DAG 1)**; Woensdag, 22 Julie **(DAG 2)** en Donderdag, 23 Julie **(DAG 3)**.
- Tensy u 'n spesifieke toetsdatum aangevra en vooraf bespreek het, is die leerders volgens klasgetalle gegroepeer om op een van die 3 dae te skryf. Dit is baie belangrik dat u asseblief daarop let op watter dag u kind ingedeel is, aangesien ons net 50 leerders op 'n dag mag akkommodeer.

2. TOETS SITTINGS IS AS VOLG INGEDEEL:

- DAG 1 (Dinsdag, 21 Julie) Klasse 9/03, 9/12, 9/26 & 9/51 skryf saam.
- DAG 2 (Woensdag, 22 Julie) Klasse 9/09, 9/11 & 9/73 skryf saam.
- DAG 3 (Donderdag, 23 Julie) Klasse 9/31, 9/50 & 9/63 skryf saam.

3. AANKOMS EN SKANDERING VAN LEERDERS:

- Leerders sal vanaf 7:15 – 7: 30 kan aanmeld. (Ons sal teen 14:00 klaar wees.)
- Ouers kan leerders aan die sykant (straat se kant) van die perseel aflaai. Leerders sal by die sydeur inkom om geskandeer te word. Indien dit reën, sal leerders by die voordeur kan inkom.
- Alle leerders sal eers deur die skanderingsproses moet gaan voordat hulle toegelaat kan word om hulle plekke binne die saal in te neem.
- Leerders moet in enkelgelid in 'n ry buite die lokaal aantree en hulle afstand (1,5 meter of meer) van ander leerders hou. **Dit is verskriklik belangrik!**
- Leerders mag geensins in groepe staan en wag of kuier nie.
- Leerders se hande sal gesaniteer word, daarna moet hulle 'n gesondheidsvraelys voltooi waarna hulle temperatuur geneem sal word.
- Wanneer hulle veilig verklaar is, sal hulle toegelaat word om by die toetstafels te gaan sit.

4. GESONDHEIDSVRAELYS:

- **Ons versoek dat ouers / voogde die aangehegte gesondheidsvraelys die oggend voor die toets, volledig by die huis voltooi en onderteken voordat leerders by die perseel aanmeld.**
- As die leerder se temperatuur te hoog of te laag is en hy of sy siekerig voel en op enige van die vrae "JA" antwoord, moet die leerder asseblief tuis gehou word.
- Indien die leerder NEE op al die vrae geantwoord het, moet hy/sy die voltooide gesondheidsvorm saam na die lokaal toe bring. Dit sal ingehandig word as deel van die skanderingsproses.
- As die leerder die gesondheidsvorm vergeet, sal 'n ander vorm aan hom of haar verskaf word – wat hulle dan met hulle eie pen moet voltooi.
- Indien 'n leerder JA op enige van die vrae geantwoord het, sal hulle dadelik huis toe moet gaan.
- *Die gesondheidsvraelys is onder aangeheg.*

5. MASKERS IS VERPLIGTEND:

- Leerders moet met 'n masker by die perseel opdaag. Hierdie masker moet aan die voorskrifte (meer as een beskermde laag) voldoen.
- Ons beveel aan dat leerders vooraf by die huis oefen om die masker vir 'n paar uur op te hou – dit neem 'n tydjie om daaraan gewoond te raak.
- Leerders wat bril dra, moet oplees oor wat gedoen kan word om die opwaseming van die bril te voorkom – heelwat leerders het die afgelope tyd daarmee gesukkel!
- Dit sal goed wees as leerders 'n ekstra masker saambring.
- 'n Plastiekskerm kan ook saam met 'n masker gedra word.
- Alle maskers moet voldoen aan die etos van die skool – **graffiti is ontoelaatbaar!**

6. SKOOLKLERE:

- Alle leerders moet in volle wintersdrag kom.
- Dogters moet sykouse dra en seuns moet 'n langbroek dra.
- Die skoolbaadjie is opsioneel – as dit koud is, is dit belangrik dat leerders warm aangetrek is.
- Gewone skoolrëels met betrekking tot hare, naels, grimering en juwele geld.
- Leerders mag net 'n rugsak saambring. Alle besittings (skryfbehoeftes, selfoon, water en kos) moet in die rugsak geplaas word. Leerders moenie hulle rugsakke op die grond neersit nie. Dit kan aan hul stoele gehang word.

7. BENODIGHEDE VIR DIE DAG:

- Leerders moet hulle eie **skryfbehoeftes** bring – pen, potlood, uitveër en 'n liniaal.
- Hulle moet ook vir hulle 'n **kospakkie** en **water** saambring.
- Rusperiodes sal tydens sessies binne die lokaal aangebied word. Daar sal geen pouses wees waar leerders met mekaar sal kan groepeer en kuier nie.
- Bring jou eie **handreiniger** en "wipes" saam. **(Onthou die ekstra masker!)**
- Bring **sneesdoekies** (tissues) saam. Net vir ingeval jy hoes of proes.
- Leerders mag **selfone** saambring en by hulle hou.

- Selfone moet ontsmet wees voordat die leerder kom.
- Wanneer leerders besig is met die toetse, moet selfone afgeskakel en in die rugsak gebêre word.

8. DIE GEBRUIK VAN BADKAMERS:

- Leerders sal toegelaat word om die badkamers te gebruik, maar besoeke sal beperk word tot twee leerders op ‘n slag. Besoeke sal gereguleer word.
- Hierdie areas sal ook ontsmet word na elke gebruik.
- Leerders moet ook hulle hande was en saniteer nadat hulle die badkamers gebruik het.

9. TEN SLOTTE

- Daar sal deurlopend vriendelike toesighoudende personeel teenwoordig wees om moontlike vrae te beantwoord en leiding te gee.
- Die leerders moet asseblief aanspreeklikheid aanvaar vir hul eie veiligheid.
- Beweeg altyd in enkelgelid en behou te alle tyd sosiale afstand.
- Beperk gesprekvoering en moenie aan enige strukture raak nie.
- Ouers en leerders sal in kennis gestel word wanneer die verslae gereed is.
- Maak asseblief seker op watter dag u kind getoets word (sien paragraaf 2). Kontak vir Mev. Iryna Diedericks op die skool se nommer indien u onseker is.

Ons wil u verseker dat ons alles binne ons vermoë sal doen om leerders veilig te hou. Ons vertrou dat elke ouer en leerder sal besef dat hierdie riglyne ingestel is om hulle te beskerm en dit dus getrou sal nakom.

U is meer as welkom om my te kontak indien u enige verdere vrae het.

Baie dankie,

Anne-Marie Naudé

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE
sielkundige@outeniqua.co.za

Vind asseblief die gesondheisvraelys aangeheg.

Hoërskool Outeniqua

GESONDHEIDSVRAELYS COVID 19

Aanmelding by Hoërskool Outeniqua Datum: _____

Naam en Van: _____

Graad en Seksie (of rede vir besoek): _____

ID nr: _____

Memorandum: Verklaring ten opsigte van simptome.

Ek, …… verklaar hiermee dat die volgende waar is:

1.	Koors	Ja	Nee .....
2.	Kouekoors	Ja	Nee .....
3.	Droë keel	Ja	Nee .....
4.	Seer keel	Ja	Nee .....
5.	Seer lyf/ Pyn	Ja	Nee .....
6.	Verlies van reukvermoë	Ja	Nee .....
7.	Verlies van proevermoë	Ja	Nee .....
8.	Naarheid/ Braak/ Diarree	Ja	Nee .....
9.	Moegheid/ swakheid	Ja	Nee .....
10.	Was jy in die afgelope 14 dae buite S A?	Ja	Nee .....
11.	Was jy die afgelope 21 dae in aanraking met iemand wat positief vir Covid 19 getoets het?	Ja	Nee .....

12. **Temperatuur** (Huis): _____ (OHS): _____

Huisadres: ……

……

……

Selfoonnommer: ……

Handtekening: ……

SKOOLSTEMPEL